Die Onvoorwaardelike Verbond Wat God Met Die Mense Gemaak Het

Hemelse Vader, ons dank U vanaand vir U genade en goedheid teenoor ons. En nou, mag U Gees diep by ons vertoef, vanaand. Stort vir ons 'n ryk seën uit, uit die Hemel, dat wanneer ons vertrek, ons met 'n blye hart kan gaan. Môre is die Sabbat. Die skole sal oop wees deur die land, as die daglig breek, in die oggend; pastore sal hulle plekke inneem, leraars op hulle poste wees. God gee vir hierdie Kalifornië 'n regte skudding van outydse, Heilige Gees diens môre, regdeur, oral. Ontvang eer, Vader, genees die siekes en beproefdes vanaand. Seën ons saam. Red al die sondaars en roep die afvalliges terug, want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

Kan maar sit as julle wil en die Here seën julle.

2 Ek wil net graag 'n gedeelte van die Skrif lees. Ek gaan my dierbare Broer Ekberg vra of hy vir my sal sing na ek hierdie Skrifgedeelte gelees het, wat gevind word in die boek van Romeine die 4de hoofstuk, vanaf die 16de vers:

> *Daarom is dit uit die geloof, sodat . . . volgens genade kan wees;* dat *die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag; nie alleen* net die *wat uit die wet is nie, maar . . . die* wat ook wat *is uit . . . geloof van Abraham; die vader van ons almal,*
>
> *(Soos geskryf is, Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak,) voor die aangesig van God, in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak, en die dinge wat nie bestaan nie, noem asof hulle bestaan.*
>
> *Hy wat teen hoop op hoop geglo het, dat hy vader sou word van baie volke; volgens wat gesê was, So sal jou nageslag wees.*
>
> *En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent* 'n *honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en . . . die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie:*
>
> *Hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie; maar hy is versterk deur die geloof, en het aan God die eer gegee;*

En was ten volle oortuig dat Hy ook in staat was *om te doen wat Hy* sou *beloof het.*

En daarom is dit aan *hom ook tot geregtigheid gereken.*

Maar dit is nie alleen om sy ontwil geskrywe, dat dit hom toegereken is nie;

Maar ook om ons ontwil, aan wie dit toegereken sal word, ons wat glo in Hom wat Jesus, onse Here, uit die dode opgewek het;

Wat oorgelewer is ter wille van ons misdaad, *en opgewek is terwille van ons regverdigmaking.*

Mag die Here Sy seëninge voeg by die lees van die Woord.

3 En Broer . . . [Leë kol op band—Red.] Daar's baie mense wat 'n stem het soos daardie, buite in agterlike plekke, en dinge sing, maar nie daardie stem nie, dis toegewy aan God. En ek dank God daarvoor, vir daardie wonderlike man van God.

Aan julle, wat die geheim ken wat ek ken: Het julle hom dopgehou, hoe hy hiernatoe geloop, en weer teruggeloop het? Dit was anders as Chicago, was dit nie?

4 Wel, ons dank die liewe Heer, vanaand, vir alles wat Hy vir ons gedoen het, want Sy genade duur vir ewig en altyd, Sy lof is aan alle eeue. En nou, môre is ons afsluitingsdiens, môremiddag, twee-dertig. En nou, glo ek, Broer Wood, as jy vir Billy Paul sal sien, as hy jou nie alreeds gesien het nie.

5 En terloops, vanaand is die laaste, van boeke en van die foto's. Ons verkoop nie op Sondag nie, ons glo nie daarin nie. So, ons . . . hulle sal . . . Broer Wood sal vanaand vertrek, onmiddellik na die diens. As julle ons boeke wil hê, vir die Kersgeskenk vir iemand, of iets, kry hulle by die stalletjie.

6 En dan, môre, elkeen van julle, julle besoekers hier nou, daar is verskeie goeie Volle Evangelie kerke wat hier saamwerk in hierdie diens. En ons vertrou dat julle vir julle plek sal vind waarnatoe julle môre kan gaan, party van daardie goeie kerke wat ons gehelp het in die diens; en gaan na daardie kerk toe en juig. Ons sluit af, ons het nie 'n oggenddiens of 'n aanddiens nie, ons het net 'n middagdiens sodat ons nie sal inmeng met enige van die kerke nie. Dis hoe ons daarvan hou om dit te doen, om saam te werk met elke beweging van God wat ons kan. Ons kan dit in die middag hou net soos op enige ander tyd. Dit—dis almal wat wil kom, om môremiddag te kom, twee-dertig, as die Here wil. Ons wil, as God my krag sal gee, sal ek heelnag hier bly, en bid vir almal wat kom, wat voor gebid wil word. Dis reg. Ek wil vroeg begin, sodat ek 'n kans kan kry om vir elke persoon te bid wat voor gebid wil word.

7 Hou julle kaartjies wat julle hierdie week gekry het, hulle is goed. En ons jou 'n kaartjie gee, is ons verplig om vir jou te bid;

en ons gaan dit doen, met God se hulp, môremiddag. Bring al die siekes en beproefdes in wat julle kan. Kry die telefoon môre, en kry julle bure, die sondaars wat God nie ken nie, en bring hulle soontoe.

8 En nou, wees gereed vir die Heilige Gees: Gewoonlik op die laaste dag, is daar net omtrent twee keer soveel genesing, as wat aangegaan het deur die hele veldtog, want dis daardie—daardie spanning; en mense weet dat as hulle geloof gaan hê, hulle dit net nou moet hê. En dis wanneer julle die wonderwerke sien gebeur, is gewoonlik, tydens die laaste diens. Ons hoop dit sal selfs vanaand wees, dat dit sal wees; hoef nie te wag vir môre nie, dis goed sommer nou, as julle dit nou net sal glo.

9 Nou, net vir 'n Skrifgedeelte hier, as die Here wil, is dit . . . Ek sal nie eers die tyd neem om te preek nie, en so laat as wat dit is, maar ek het gedink miskien, vir 'n paar minute, as julle my net die geleentheid sal gee.

10 Volgende keer met die terugkeer na Kalifornië, as God wil, wil ek 'n bietjie meer tyd neem, sodat ek 'n bietjie langer kan bly. En julle, miskien, as julle dit kan verduur, sal ek net 'n bietjie preek, wanneer ek terugkom. En so ek sal . . . [Die gemeente gee applous—Red.] Wel, dankie . . . Dis, óf julle is baie lief vir my, óf is baie genadig, een. Dankie.

11 Ek wil net graag 'n gedeeltetjie uit Genesis lees. Ek hou van Genesis. In die 12de hoofstuk van Genesis, lees ons die eerste drie verse soos hierdie:

> *En die HERE het aan* Abraham *gesê, Gaan jy uit jou land, en uit jou familie, . . . uit jou vader se huis, na die land toe wat Ek vir jou sal wys:*
>
> *En Ek sal jou 'n groot nasie maak, en Ek sal jou seën, en . . .* jou vermeerder en *jou naam . . . en jy sal wees . . .* geseënd:
>
> *En Ek sal seën diegene wat jou seën,* Ek sal . . . *vervloek hom wat jou* vervloek: *en in jou sal al* die *geslagte van die aarde geseën word.*

12 Wat 'n belofte. Nou, deur te werk met die Pinkstermense, en as God so wil, wanneer ek terugkom, ek het die swak plek van die Pinkstermense gevind, met God se hulp. Dit is, julle is bang. Dis reg. Dis waar. Julle is net bang om God op Sy Woord te neem; en julle weet nie wie julle is nie. Sien? As julle net besef wat julle posisie in die Hemel is vanaand, sal daar iets plaasvind, hier. Uh-huh, uh-huh. Sien?

13 Die ding is, baie mense probeer die seëninge ver weg in die Millennium, iewers, sit. Die Bybel het gesê: "Julle is nou die seuns van God," (nie: "julle *sal* wees . . . " nie), "julle *is*, nou. Nou, is ons seuns van God, nou sit ons saam in hemelse plekke in Christus Jesus." Nie môre nie, hierdie aand, vanaand.

14 Wanneer jy kan dink, nou, dat jy langs 'n seun van God, of 'n dogter van God sit, en jy is dieselfde as wat hulle is, en Christus Jesus is getabernakel in jou hier op die aarde, wat Sy groot manifestasies van Sy seëninge en krag wys, met die begeerte dat elkeen gered sal word, elkeen genees moet word, niemand sal verlore gaan nie. Ek sê jou, as jy dit regtig in jou verstand kon begryp, sê ek jou, sal jy nie enige gebed vir die siekes hoef te hê nie, dit sou net alles verby wees. Maar as jy—jy moet—jy dit eers moet sien. As jy dit nie kan sien nie, kan jy dit beslis nie verstaan nie.

15 Nou, die woord *sien* beteken nie: "om na te kyk nie." Die woord *sien* beteken "om te verstaan." Dis reg. Soos Jesus vir Nikodemus gesê het: "As iemand nie weer gebore word nie, kan hy nie die Koninkryk van die Hemel *sien* nie." Nou, hy het nie bedoel. . . Jy het na baie dinge gekyk, sê: "Ek sien dit net nie." Dit beteken: "dit verstaan." Jy kan dit nie verstaan voor jy weer gebore is nie. Wanneer jy weer gebore is, besef jy wat hierdie mense soos dit laat optree, dan, sien. Jy—jy—jy moet dit self aanvaar, en 'n persoonlike ondervinding hê.

16 Nou, ek wil 'n paar oomblikke praat oor wie ons is, hoekom ons is, wat ons is. Wie ons is, en hoekom ons is, wat ons is; en ek sou dit noem, vir, as ek dit 'n teks sou noem (ek het nie tyd om dit op daardie manier te gebruik nie.), maar as ek dit so sou noem, sou wees, *Die Onvoorwaardelike Verbond Wat God Met Die Mense Gemaak Het*.

17 Nou, as julle my, net vir 'n paar minute, julle onverdeelde aandag sal gee, en ek sal sien wat die Heilige Gees sal uitsoek uit hierdie teks vir my, soos ek daarnatoe gedraai het toe ek in die pad afgekom het, net 'n tydjie gelede. En ek—ek wil praat oor die onvoorwaardelike verbond wat God vir die mens gegee het. Die mens het altyd 'n manier probeer vind om homself te red. Hy het probeer om vir homself 'n godsdiens te maak, sy eie saligheid uit te werk, en homself te probeer red. Dis in die aard van 'n mens om dit te doen.

18 En in die tuin van Eden, sodra die mens besef het hy het gesondig (en in plaas daarvan dat hy op-en-af in die straat, of die paradys daar, gehardloop het, en sê: "Vader, Vader, waar is U?") het hy weggekruip. En dit was God, wat op-en-af gehardloop, en geskree het: "Adam, Adam, waar is jy?" Sien die aard van die mens? In plaas van om uit te kom, en in die openbaar te bely, en opreg te wees daaroor, en te sê: "God, ek het gesondig," en: "vergewe my," sal hy hardloop en agter iets wegkruip. En die een ding wat Adam gedoen het, wat 'n groot stremming op die mens plaas, hy het vir homself 'n tuisgemaakte godsdiens gemaak.

19 Nou, ons weet die woord *godsdiens* beteken "'n bedekking." En Adam (in plaas van om te sê: "God bedek my"), het hy vir hom 'n paar voorskote uit vyeblare gemaak, hy en Eva. En hulle

het goed gewerk terwyl God nie daar was nie. Maar toe hulle in die Teenwoordigheid van God gekom het, het hulle besef dat hulle vye-blaar godsdiens nie sou werk nie. En broer, daar's soveel daarvan vandag, dat, ek's bang julle gaan dieselfde ding vind wanneer God weer kom: daardie tuisgemaakte, vye-blaar godsdiens sal nie standhou in die Teenwoordigheid van God nie. God moes 'n bedekking vir hulle maak.

20 Nou, as julle sal oplet wat hierdie groot ding veroorsaak het in die begin, God het die mens as 'n vennoot ingeneem, en Hy het 'n verbond met die mens gemaak, gelyk, en vir 'n mens gesê: "As jy hierdie sal doen en nie daardie doen nie," en die mens het sy verbond verbreek, en hy verbreek altyd sy verbond. Die mens kan net nie sy belofte hou nie, en klaar. Daar is net Een wat Sy belofte kan hou, dis God. Die mens kan nie, hy verbreek elke keer sy verbond met God. Maar reg in Eden, hou vir God dop: Hy het gesê: "Ek . . . " (Ek, die persoonlike voornaamwoord.) "Ek sal vyandskap maak . . . " (nie: "As jy 'n sekere ding doen, sal Ek 'n Verlosser stuur" nie.) maar: "Ek sal vyandskap maak tussen haar saad en die slang se saad," ensovoorts. "Ek sal dit doen." Nie op enige voorwaarde wat Adam moes doen nie, maar Hy het gesê Hy sou dit soewerein doen.

21 En nou, hoe God altyd Sy verbond gemaak het, en toe Hy dit met 'n mens gemaak het . . . Die grootste fout wat Israel ooit gemaak het, was in Eksodus die 19de hoofstuk, toe genade alreeds 'n saligmaker voorsien het, dit alreeds 'n verlosser voorsien het, dit alreeds 'n versoening, 'n gestorte bloed voorsien het, en Israel gesê het: "Moenie dat God praat nie, laat Moses praat." Hulle wou 'n wet hê, of gebooie, of iets wat hulle self kon doen. Sien julle die aard van die mens? Probeer iets kry, om self te doen, vir, om verlossing te verdien. Nou, sien wat die genade van God alreeds gedoen het? Vir Moses, 'n verlosser, gestuur, en 'n versoening, 'n gestorte-bloed offerande, 'n medium tussen God en die mens gestuur; en nadat Sy genade dit alles gedoen het, toe, wou die kinders van Israel steeds iets hê om te doen, om hulle verlossing te verdien.

22 Is dit nie net soos mense vandag nie? Julle wil Sabbatsdae onderhou, ophou vleis eet, en iets dergeliks doen, julle wil iets doen om julle verlossing te verdien, wanneer dit net so gratis is as wat gratis kan wees. Dis reg.

Ek hoor mense sê: "O, prys God, ek het dag en nag na God gesoek."

Nee, jy het nooit. Daar was nog nooit 'n mens, wat na God gesoek het nie. God soek na die mens, nie die mens na God nie.

"O," jy sê: "Prediker, ek het."

23 Nee, jy het nooit. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie." Sien? Jy soek nie na God nie, God soek na jou. Dis altyd die Soeker, God wat na die

verlorene soek, nie die verlorene wat na God soek nie. Jy kon niks daarmee te doen hê nie. Jy is nie vanaand gered deur enige verdienste van jou eie, of enigiets nie; jy is gered omdat God se soewereine genade jou geroep het na Jesus Christus toe, en die enigste manier. Dis nie of jy Sabbatsdae onderhou, of nuwe mane, óf of jy vleis eet, of nie vleis eet nie, of jy *dit* doen, of *dat* doen nie; jy word gered deur genade, en alleenlik genade, die enigste ding.

24 Nou, wanneer jy dit in jou gedagtes kan laat insink, dat dit niks is wat jy daaraan kan doen nie, sal jy uitvind dieselfde ding werk met genesing. As God my sal help, binne 'n paar minute, sal ek vir julle wys dat genesing op dieselfde grondslag is. Dis reg. Dis net God se onvoorwaardelike verbond, nie wat jy vir Hom kan doen nie.

Iemand het gesê: "Broer Branham, toe jy af was, daardie agt maande, daardie tyd, amper by 'n ineenstorting, het jy jou godsdiens behou?"

Ek het gesê: "Nee, meneer. My godsdiens het my gehou."

25 Dis reg. Ek kan nie. . . Dit is nie of ek vashou, of nie, dit is nie of ek uithou nie, dis of Hy uithou, of nie, of Hy uitgehou het. Daar's niks wat ek kan doen nie, dis wat Hy vir my gedoen het, wat Christus vir my gedoen het, in God. Dis waarom ek gered is, vanaand. Ja, meneer. Nie wat ek kon doen nie, nie deur goeie werke word ons gered nie, maar deur Sy genade, het God ons onvoorwaardelik in Christus gered.

26 Ons was Heidene, vervreem van God, afgesny sonder hoop, sonder genade. Christus, in Sy soewereine genade, het in ons plek gesterf, ons plek te neem. So dis niks wat ons gedoen het nie, niks waarop ons kan roem nie. Paulus het gesê: "God verhoed dat hy sou roem, behalwe op die kruis van Jesus Christus." Dis reg, in Christus, het hy geroem.

Nou, na die sondvloed vernietiging, die skoonvee van die aarde, het God weer die mense laat begin.

27 En in Genesis, vind ons 'n man met die naam van Abraham, die seun van—van (ek vergeet nou wat sy pa se naam was. . .) Hiram, wat afgekom het, waarskynlik van Babilon af, 'n afgode dienaar, afgekom in die valleie van die. . . van Sinear, gewoon in die land van Chaldéa, die stad van Ur. Hy was getroud met sy halfsuster, Sara.

28 En soos hulle afgekom het in hierdie land, en al die mense wat daar was, oral, Abraham was nie enigsins beter as enigiemand anders nie. Maar God het, deur soewereine genade en uitverkiesing, vir Abraham geroep, deur uitverkiesing. Dis dit. Niks het gesê dat Abraham enigsins beter was nie. Sê nie eers dat hy 'n gelowige was, in die begin nie, maar God met on-. . . met Sy onverdienstelike genade, is Abraham gered. En nie net

was hy gered nie. . . Maar toe God vir Abraham geroep het, het Hy hom gered, en vir hom Sy verbond, onvoorwaardelik gegee.

29 Nooit. . . Hy het nie gesê: "Abraham, nou, as jy 'n sekere ding sal doen." Hy het gesê: "Ek het, Ek, jy sal, Ek het." Let dit op: "Jy sal na My toe kom op 'n gevorderde ouderdom, in vrede, net nou," iets oor die sewentig jaar voor dit gebeur het, het God gesê: "Ek het jou alreeds gered, en nie net vir jou nie, maar jou saad, na jou." Wanneer jy daaraan begin dink, sonder enige verdienste, sonder enigiets, God se verbond was onvoorwaardelik aan Abraham. God het vir hom gesê dat Hy hom gered het, en nie net vir Abraham nie, maar sy saad, ook.

30 En Abraham wat vyf-en-sewentig jaar oud was, en Sara, vyf-en-sestig jaar oud (veertig, vyftig, sestig), vyf-en-twintig jaar verby menopouse, het saam met haar gelewe vandat sy 'n jong dame was; hulle was getroud, en hulle was nie vrugbaar nie. En God het vir Abraham gesê dat: "jy gaan 'n kind hê by Sara": die onmoontlike. En Abraham het God geglo, maak nie saak hoe onmoontlik dit gelyk het nie, "hy het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken."

31 Kan julle julle 'n ou man voorstel wat hier rondgaan (vyf-en-sewentig jaar oud, sy vrou, vyf-en-sestig) wat sê: "Prys God, ons gaan 'n babatjie kry." Wel die—wel die dokters van die dag sou gesê het: "Die ou man is net 'n bietjie van sy kop af." Eintlik, word enige man wat God sal glo, bestempel as bietjie van sy kop af. Jy is, volgens die wêreld, maar jy's wonderbaarlik gered in Jesus Christus.

Nou, ek kan vir Abraham 'n paar oggende later sien opstaan, nadat God hom die belofte gegee het, en sê: "Hoe voel jy, Sara?"

"Niks anders nie, net dieselfde."

32 Maar: "Prys God, ons gaan dit in elk geval kry." Het uitgegaan en die spelde en voël-ogie materiaal gekoop, alles, gereedgemaak daarvoor. Hy het gereedgemaak. Maak julle gereed, vanaand, om uit daardie rystoele te kom, beddens, draagbare, en alles, daaruit te kom? God het dit belowe, as julle dit glo.

Nou, maande het verbygegaan, elke dag kon ek hom sien sê: "Sara, hoe voel jy?"

"Niks anders nie."

33 Maar: "Prys God, ons gaan dit in elk geval kry." Hoekom? God het so gesê. Vyf-en-twintig jaar het verbygegaan, en Abraham het God steeds geprys vir die babatjie. Meer onmoontlik, in plaas van om swak te word, het hy sterker geword, want dit was die heeltyd 'n groter wonderwerk, langer dit gewag het, groter wonderwerk was dit. Wat 'n wonderlike geloof.

34 Nou, jy is die saad van Abraham, as jy dood is in Christus. O, ek hou net daarvan, niks wat jy kan doen nie. Goeiste, hoe

God dit duidelik gemaak het, nie deur enigiets wat jy kan doen nie, net wat God vir jou in Christus gedoen het. "Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken," die wet van verlossing, enigiemand ken dit, wat, die wet van verlossing.

35 Ek hoor soveel. . . Nou, my Armeense broers, ek bedoel nie om hierdie in te vryf nie, maar hierdie mag net 'n bietjie knyp, maar ek het julle lief, sien. Goed. Let op, nie niks wat jy kan doen nie, jy mag jou hele lewe goed lewe, en jy gaan hel toe. Dis deur die genade van God wat jy gered word, dis reg; wat God vir jou gedoen het. Let op, die wet van verlossing, die onskuldige vir die skuldige. Wat as 'n klein. . .

36 Destyds onder die wette van verlossing: Wat as 'n klein perdjie een aand gebore is, 'n muiltjie, en daardie muil is gebore met altwee ore wat gehang het (Nou, as enigiemand enigiets van muile af weet, dit is 'n slegte muil, die muil met altwee ore wat hang: hy's nikswerd.) en hy's skeel, hy het bakbene, sy stert steek reguit op, wat 'n verskriklike skepsel. Wel, as daardie arme ou muiltjie sou. . . in 'n spieël kon kyk, en intelligensie gehad het, sou hy sê: "O, goeiste! Wag tot hulle uitkom en my sien, ek het nie eers 'n kans nie. Kyk watter verskriklike ding is ek."

37 Maar as mammie enigiets van verlossing geweet het, sou sy sê: "Wag 'n bietjie, skat, jy verstaan nie: Hulle gaan jou nie doodmaak nie. Hulle gaan nie eers na jou kyk nie. Maar jy is gebore met 'n geboortereg. Jy's my eerste, jy het 'n geboortereg. Maar die priester gaan jou nooit sien nie. Hy gaan jou nie hoef te ondersoek nie. Maar 'n volmaakte lam moet in jou plek sterf."

38 Goeiste, dan kan die muiltjie daar uitgaan en sy hake opskop, en 'n lekker tyd hê. Hoekom? Hy gaan nie sterf nie. Daar hoef nie na hom gekyk te word nie. 'n Volmaakte lam moet in sy plek sterf. Dis reg.

39 Dis nie wat ek is, wie ek is nie, dis die volmaaktheid van Jesus Christus in God, wat in my plek gesterf het, om my te maak wat ek is. Dis nie of ek kan staan nie. Ek kan nie. Dis of Hy in my plek gestaan het. Amen. Broer, dit sou 'n Baptis laat uitroep. Ja, meneer. Daar's iets daaromtrent wat werklik is. Ek glo in uitroep. Amen. Ek glo in outydse godsdiens. Dis wat vandag makeer. Ek. . . Hulle sê jou godsdiens is te veel emosie. Ek kan vir julle, wetenskaplik, bewys dat enigiets wat nie emosie het nie, dood is. So, as jou godsdiens nie 'n bietjie emosie het nie, beter jy dit begrawe (Dis reg.), want dis dood. Dis reg. Ja, meneer.

40 As 'n babatjie gebore is en dit huil of doen nie iets nie, is die babatjie dood. Ons het te veel doodgebore babatjies in die kerk vanaand. Dis wat die kerk makeer, dit verstaan net nie, dit het nooit begin lewe nie. Weet julle wat doen hulle met 'n babatjie wanneer dit gebore word? Ek was, hulle sien gebore word. Die dokter tel hom op, en gee hom 'n bietjie agterent protoplasma stimulasie, en dit maak hom sommer gou wakker,

en hy begin skree. As daar enigiets is wat die Pinksterkerk nodig het, vanaand, is dit 'n goeie outydse Evangelie loesing, om hulle wakker te maak vir die hele ding. Bietjie van die styfheid uit hulle uit te kry. Amen.

Iemand het gesê: "Broer Branham, hou jy 'n diens daaronder waar daardie mense so skree, en tekere gaan?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Gesê: "Goeiste, dink jy nie dis fanatisme nie?"

Ek het gesê: "Nee, meneer."

41 Herinner my aan 'n boer eenkeer, hy het 'n—'n mooi groot plaas gehad, mooi trekkers, alles om mee te boer, maar hy was, eintlik, net te lui om te boer. Dis al. Sy plek laat oorgroei met onkruid. Daar was 'n ander kêrel, wat langs hom gewoon het, wat nie veel van 'n plek gehad het om in te woon nie, sy skure was nie te goed nie. Maar hy was regtig 'n hardwerkende, slim werker. Hy het uitgegaan en lusern, en alles, klawer geplant.

42 Herinner my net, vandag, party van ons het groot kerke wat niks daarin het nie. Dis reg. Partymaal, het jy 'n klein sendingstasietjie, partymaal, wat baie meer het as wat jy in hierdie groot lykshuise hierrond vind. Dis presies reg. Praat van skree en aangaan, broer, jy ken nie die eerste beginsel daarvan nie.

43 Let op, elke . . . In die skuur van die boer met die onkruid op sy solder, om te voer, is daar 'n kalfie gebore. En oorkant aan die ander kant, in die ou bouvallige skuur, is daar 'n kalfie gebore. Wel, hulle is altwee gevoer deur die winter. Lentetyd het gekom, die boer wat baie voer gehad het om sy kalfie mee te voer, hy het hom vrygelaat in die kraal, en toe hy het, was hy baie vet en rond, julle weet. Daardie lentewind wat gewaai het, hy het goed gevoel; hy het net sy hakies opgeskop, en daar het hy getrek. Die man met die mooi, groot, swierige, blink skuur, het sy kalfie losgelaat. Arme kêreltjie, so swak, hy kon skaars beweeg. Hy het uitgesteier, soos daardie, oor 'n mooi sementvloer, deur die kraak geloer, en daardie kalfie dopgehou, wat goed voel, sy hake opskop. Hy het gesê: "Tsk, tsk, tsk, tsk, tsk, sulke fanatisme." Goeiste, wat makeer? Hy was honger, hy kon nie.

44 Broer, ek sê jou, ons mag hier in 'n koeiskuur aanbid, maar, broer, ons het geestelike vitamiene hier. Ons het iets gehad om te eet. Maak . . . Dis wat jou die hake laat opskop, en laat maak soos Dit maak, die Heilige Gees. Reg. God het Dit belowe, en Hy het Dit vir ons gegee. Hy het vir Abraham gesê dat Hy vir hom die belofte gaan gee, en Abraham het God geglo. En God het vir hom gesê, as julle sal oplet, aangegaan tot 'n honderd jaar, hy was 'n honderd jaar oud. Sara was negentig, 'n klein krom-skouer vroutjie.

45 Ek mag dit sê, dat God aan hom verskyn het in die naam van El Shaddai, die boesem, 17de hoofstuk van—van Genesis. En die naam *El Shaddai* het beteken dis "die boesem." Met ander woorde: "die een met borste," soos die vrou. En hy het gesê: "Abraham, Ek is jou Boesem. Jy mag oud wees, jou krag is op, Sara se skoot is dood, maar Ek's El Shaddai, Ek's die Boesem, die een met borste." Nie een nie, twee, vir ons verlossing, en vir ons genesing, albei. "Ek is die Een met borste. Nou, leun jy net op My belofte, en drink, Ek sal jou bevredig, soos die babatjie wat bevredig word, en Ek sal weer vir jou jou krag teruggee."

Wat 'n belofte vir 'n ou man, 'n honderd jaar oud: "Leun net hier nou, en drink aan My, My belofte, en Ek sal vir jou jou krag teruggee."

46 Nou, ek wil iets hier gee. Hierdie . . . Het julle ooit gelees . . . Julle weet, die Bybel is geskryf en "verberg van die oë van die wyses en verstandiges" (Glo julle dit?), "en word—word geopenbaar aan kindertjies, wat wil leer." Nou, jy moet God liefhê, om Sy Bybel te ken. Julle weet, Hy skryf tussen die lyn.

47 My vrou skryf vir my 'n brief, sy sal sê: "Liewe Billy, ek sit hier, vanaand. Ek is baie lief vir jou. Ek is baie eensaam." Dis wat sy skryf, maar ek lees tussen die lyne, en ek weet sy bedoel baie meer as dit. Sien? Want ek het haar lief. En dis die rede, wanneer jy God se Woord lees, as jy Hom liefhet, openbaar Hy die tussen-die-lyne.

48 Let op, toe Abraham en Lot geskei het, en God Sodom moes verwoes, ontslae raak van Lot, solank Lot daar rondgehang het, het hulle moeilikheid gehad. God het vir hom gesê: "Gaan weg van jou familie, en van jou mense af, en Ek sal jou seën." En ek sê julle, jy kan nie . . . God vra vir 'n afsondering. Die wêreld wil mengers hê, maar God wil afgesonderdes hê. Hy wil hê mense moet hulleself afsonder van sonde en van die wêreld. "Kom uit onder hulle uit, en sonder julle af, sê God, raak nie aan hulle onrein goed nie." God vra vir afsondering.

49 Nou, maar Lot, sy familie het rondgehang to- . . . die heeltyd, solank sy pa daar was, het die ou kêrel vir hom probleme veroorsaak. God het gesê: "Sonder jou af van jou mense." Wel, na, Lot afgegaan het na die waterryke laaglande van Sodom, en die hoofman van die stad geword het, gedink het hy gaan goed aan. Abraham het op die onvrugbare grond gebly, maar Abraham het die belofte gehad. Ek dink daaraan vandag. Die ware gelowige moet dalk in 'n koeiskuur wees, of iets anders, maar hy het die belofte. Watter verskil maak dit? Ja.

'n Tent of 'n huisie, wat gee ek om?
Hulle bou 'n paleis daar vir my voor ek kom!

50 Maak nie saak wat jy moet verduur, 'n paar maaltye mis, ensovoorts, vir die Koninkryk van God se onthalwe nie, watter verskil maak dit? "Ons is erfgenaam van alle dinge." Die Bybel

het gesê ons was. Hierdie wêreld behoort aan ons. "Salig is dié wat suiwer van hart is: want hulle sal God sien. Salig is die sagmoediges: want hulle sal die aarde beërwe." Alles ons s'n, deur Jesus Christus.

51 Let op, ek hoop julle verstaan dit nou. Let op, dat Abraham, wat daarbo gesit het: die meelpot sou amper heeltemal leeg raak. Lot wat daaronder gesit het: kruisbeen, goed gegaan het. Sy vrou het aan al die verenigings behoort, neem ek aan, in die stad, al die stik-en-brei partytjies, en al die res; maar sy het daarvan begin hou. Maar Abraham moes met net 'n bietjie klaarkom.

52 Maar eendag, terwyl hy onder sy akkerboom gesit het, het hy drie Manne sien aankom. Hy was 'n geestelike man, en hy het besef dat Daardie nie gewone Mans was nie, al het Hulle stof op Hulle gehad, gesê Hulle het van 'n ver land af gereis. Ja, al die pad van die Hemel af. En na hom toe gekom, hy het Hulle voete gewas, ingeglip, die gemeste kalf geslag, Sara het 'n paar meiliekoekies gemaak, hulle uitgebring, en gaan sit, en karringmelk mieliekoekies geëet. Wat 'n middagete het Hulle gehad.

53 En nou, ek wil hê julle moet oplet Wie geëet het. Na ete, het die Engele verder gegaan . . . die twee Engele het verder gegaan na Sodom toe. Maar die Een wat agter gestaan het, en met Abraham gepraat het, en verdwyn het voor sy aangesig, Abraham het gesê: "Ek het van aangesig tot aangesig met God gepraat." O, goeiste.

54 Let op, Sara, toe Hy gesê het: "Abraham, jy was getrou, nou, jy's 'n honderd jaar oud, Sara is ho- . . . amper honderd, maar Ek gaan jou besoek volgens die lewe," het Sara in die tent geluister. En toe Hy gesê het sy gaan 'n babatjie kry, en sy wat amper 'n honderd jaar oud was, het sy haar hand oor haar mond gehou, en gelag. Die Engel het gesê: "Hoekom het sy gelag?" Wat sou die skatting hier in Los Angeles wees? Daardie Engel het gebruik . . . ? . . . [Leë kol op band—Red.]

55 Ek wil hê julle moet ietsie oplet, hier, vir . . . ietsie vir ons ouer mense. Onthou julle aan die begin toe julle getroud is? En julle het dalk na die altaar toe gegaan, sommige van julle broers, saam met jou vrou, en jy het haar gesien, hoe mooi sy gelyk het, haar swart golwende hare, of watter kleur dit ook al was. Jou hare was glad, en—en het haar aan die arm gehad, en jy het met haar getrou. Jy het gedink hoe mooi sy was, en sy het oorkant toe gekyk, hoe regop jy gestaan het. Maar vandag, het die hare grys geword, val uit, krom skouers, iets het gebeur.

56 Ek het met 'n dokter gepraat, nie lank gelede nie, en ek het gesê: "Dokter, ek wil vir jou iets vra. Jy sê vir my dat, soos ek elke dag kos eet, dat dit in bloed verander, bloedselle is lewe, dat ek elke dag my lewe hernu."

Hy het gesê: "Dis reg."

57 Ek het gesê: "Hoekom is dit? Ek eet dieselfde soort kos wat ek het toe ek agtien was, ek eet as . . . Soveel kos toe ek agtien was, het ek sterker en groter geword. En ek eet nog dieselfde soort kos en word die heeltyd swakker." Ek het gesê: "Hoekom is dit?" Omdat God gesê het. Dis reg.

58 Let op, toe het ek gedink, ek het gesê, nou die dag, vir my vrou . . . Ek het my hare gekam, dit wat ek nog oor het. Sy het gesê: "Sê, Billy," gesê: "jy weet, jy raak nou amper heeltemal bleskop."

Ek het gesê: "Ek weet dit, maar prys God, daar's nie een haar wat vergaan het nie."

Sy het gesê: "Wat?"

Ek het gesê: "Nie een van hulle het vergaan nie."

Sy het gesê: "Waar is hulle?"

59 Ek het gesê: "Waar was hulle voordat hulle op my kop gekom het, hulle is op dieselfde plek. God weet waar hulle is, en Hy sal hulle weer vir my teruggee, in die opstanding." Amen.

60 God, wanneer Hy 'n babatjie op hierdie aarde bring, laat Hy dit groei tot volwassenheid. Hy skilder 'n prentjie in Sy groot, oneindige verstand, Hy sien dit, 'n jong man, 'n jong vrou, dis net op sy beste. En wanneer hulle daar staan, op hulle beste, dan sê Hy: "Dis reg. Dis hoe Ek hulle wil hê in die opstanding. Goed, dood, kom maar."

61 Jy . . . Jy en moeder, het 'n lekker tyd, twintig, of twee-en-twintig, drie-en-twintig, omtrent tyd dat jy vyf-en-twintig word, is jy nie meer die seun wat jy eers was nie. Een môre staan jy op, en moeder sê: "Pa, jy het 'n grys haar op jou kop. Pa."

Jy sal sê: "Wel, Moeder, het jy opgelet daar kom 'n paar plooie onder jou oë?"

62 Wat makeer? Die dood het begin. Dis reg. God het dit so bepaal. Maar die enigste ding wat die dood kan doen, dit sal jou in hierdie hoek intrek, en daardie hoek, naderhand gaan dit jou neem, maar dis al wat dit kan doen. In die opstanding, is die dood vernietig en wat jy was, op jou beste, is wat jy sal wees in die opstanding. God, in Sy verbond, het dit bewys, deur Sara en Abraham. Amen. Nou voel ek regtig godsdienstig.

63 Let op, kyk wat het hy gedoen. Daar, hierdie mag 'n bietjie tussen die lyn wees, so moet nou nie opstaan, en uitgaan nie. Wag net 'n paar minute. Kom ons kyk tussen die lyne. Hy het vir Abraham vertel dat Hy hom die verbond sal gee, en Hy sou . . . wat Hy vir Abraham en al sy saad sou doen. Luister. Jy is Abraham se saad, vanaand, as jy Christus Jesus, die Heilige Gees, ontvang het. Hulle . . . Nie net Abraham, sou Hy, hierdie mee doen nie, maar Abraham was die voorbeeld. Wat Hy alles aan Abraham sou doen, sou Hy aan hom en sy saad doen: Abraham het Isak gebring; deur Isak, het Christus gekom; ons, wat dood is

in Christus, neem Abraham se saad aan, en is erfgename volgens die belofte.

64 Waarvoor is julle bang? Is niks om oor te bekommer nie. Dis alles alreeds afgehandel in die Heerlikheid. Hou op bekommer, rondhardloop, van een kerk na die ander een, wonder of *dit* reg is, of *dat* reg is. Christus is reg. Hy's "die Weg, die Waarheid, en die Lewe."

65 Let op, Hy het gesê (Goed.) wat Hy aan hulle sou doen, hulle red, onvoorwaardelik. Nou, Abraham was 'n honderd, en Sara was negentig. En God het gesê: "Nou, Ek gaan vir die wêreld wys" (met ander woorde), "wat Ek aan jou gaan doen, en aan jou saad na jou." Dis ek en jy. Goed. Let op wat Hy gedoen het. Hy het Abraham en Sara verander, van 'n ou man en vrou af, terug na 'n jong man en vrou. Sit stil. Goed. Let op wat Hy gedoen het.

Julle sê: "O, Broer Branham . . . "

66 Nou, wag 'n bietjie. Sara was omtrent 'n honderd jaar oud. Sy's absoluut . . . Abraham se saad was gedaan, daar was geen lewe in hulle nie, maar hy het steeds aan El Shaddai gedrink, vir die saad. Sara se skoot wat opgedroog, jare gelede. Sy was waarskynlik vyftig jaar verby die menopouse, gelewe saam met Abraham, dieselfde man, Abraham, vandat sy 'n klein dogtertjie was. En daar was glad nie enige kinders nie, en haar skoot was dood. En sy, 'n ou vrou, amper 'n honderd, 'n tjalie'tjie oor haar skouers, klein stofkappietjie op, wat aan 'n stok vashou, soos *hierdie*, 'n ou vrou soos *daardie*, 'n ou oorgrootjie; en tog, het sy geglo dat God vir haar 'n babatjie sou gee.

67 Nou kyk, die eerste ding . . . Julle geleerdes sal dit moet onthou: Die eerste ding wat God moes doen, en julle sal dit moet erken, hy moes iets met Sara se skoot doen. Is dit reg? Hy moes 'n nuwe skoot bring, want daardie een was oud en gedaan. Dan om dit te kon doen (ek het 'n gemengde gehoor, julle sou na julle dokter luister, ek's julle broer; luister.), om dit te kon doen, sou Hy haar hart moes versterk, want sy kon nie deur geboorte gaan op 'n honderd jaar oud nie. Julle weet dit. Nou, en nog iets wat Hy sou moes doen, Hy sou nuwe melkkliere moes insit, want haar melkkliere was opgedroog, op 'n honderd jaar oud. God lap nie dinge nie; Hy het haar net 'n splinternuwe vrou gemaak. Dis reg. Ek sal dit vir julle bewys, deur God se Woord.

68 Let op, onmiddellik na daardie belofte aan hulle gegee is, Sara en Abraham, het God vir Abraham gesê: "Gaan nou op hier, loop rond, kyk wat jy het, kyk na hierdie kant toe, ver oos, wes, noord, en suid: dis alles joune."

69 Dis wat die probleem is, vanaand, met die Pinkstermense: Julle kyk nie rond, om te sien wat julle het nie. Julle sê altyd: "O, ek wonder . . . Ek—ek wonder of ek kon . . . O, . . . " Dis nie of jy het nie, Hy het dit alreeds vir jou gedoen. Loop rond, jy's 'n besitter

van alles. Amen. Dis alles joune, God het dit verniet vir jou gegee, deur Jesus Christus. Amen. Dit sou die duiwel kwaad maak.

Let op: "Loop rond, Abraham, kyk dit deur."

Ek kan Abraham sien, sê: "Skat? Weet jy dat jou skouers reguit word, jou hare raak weer swart!"

Wel, sê sy: "Abraham, my heer, ek let op jou skouers raak regop, jou hande word weer soos 'n jong man."

"Dink so?"

"Ja."

70 Kyk, hulle het op 'n reis gegaan. Meet op die kaart waar hulle was, en hulle het afgegaan na Gerar, omtrent driehonderd myl. Nogal 'n reis vir 'n ou paartjie, dink julle nie so nie? Na Gerar toe geloop.

71 En nie net dit nie, toe hulle het daaronder gekom het, was daar 'n jong koning daaronder met die naam van Abiméleg. Hy wou 'n liefling hê, en hier kom hierdie oor-oor-oor-oorgrootjie soontoe, met al daardie mooi meisies daaronder, en hy het gesê: "Dis die een vir wie ek gewag het." (Onsin! Sy was weer 'n jong, pragtige vrou. Soos Hy gaan doen met elke ou ouma wat vanaand hier sit, wat in Christus Jesus is: in die opstanding, sal sy weer 'n nuwe vrou wees. Halleluja! Dis God se verbond met Abraham, en met Sy saad.) Hier, hierdie ou ouma, met haar bewerasie, met 'n stok in haar hand, soos hierdie, julle weet, wat rondloop; en daardie jong koning, Abiméleg daar oorkant, het gesê: "Daar's die een waarvoor ek gewag het, sy's my liefling, ek wil met haar trou." Ja, dis wat hy gedoen het, hy het verlief geraak op haar, en sou met haar trou. Abraham het gesê: "Jy's 'n mooi vrou om na te kyk." 'n Honderd jaar oud.

72 Moenie van hierdie grimering hier gebruik wat julle op julle lippe sit, of wat dit ook al is nie. Julle het nie dit nodig nie, nee, nee, julle het dit nie nodig nie: julle het Jesus Christus nodig. Hy sal dit permanent daar sit, een van hierdie dae. Halleluja! Dis reg. Moenie Hollywood hierbuite volg nie, volg die Hemel. Dis wat julle wil doen.

73 O, goeiste! Wanneer ek Sara kan sien, pragtige jong vrou, omtrent dertig, miskien vyf-en-twintig jaar oud, Abraham, vyf-en-twintig of dertig, wat daar rondloop. Dit het dit tog bewys, kyk: nadat Sara dood is, baie, baie, baie jare later daar, het hy met 'n ander vrou getrou, en nege seuns gehad, behalwe al sy dogters. Amen. Ons dien 'n lewende God, Wat nie kan lieg nie, en Sy Belofte is vir ewig waar.

74 Abiméleg het verlief geraak op haar. Nou, ek wil nie hierdie invryf nie, broers, maar laat ek dit net 'n bietjie doen, sien, om te praat van uithou. Kyk, Abiméleg, ek kan my voorstel hoe hy gaan, sy bad neem, en sy nagklere aantrek, en sy groot voete uitstrek op die bed, en gesê het: "Wel, jy weet. . ." 'n Baie goeie Armeense

broer, Heiligheid, sien, so, hy het uitgestrek op die bed, en hy het gesê: "Jy weet, môre," (nadat hy sy gebed opgesê het), "môre, trou ek met hierdie pragtige Hebreeuse meisie." Honderd jaar oud. "En, ek sal môre met haar trou, en sy sal my vrou word, en alles. Ons sal vestig, nou, en die dae van swerf is verby."

En God het aan hom verskyn, gesê: "Jy is net so goed soos 'n dooie man." Dis reg.

"Hoekom," het hy gesê: "Here, hoekom? U ken die opregtheid van my hart."

Hy het gesê: "Jy het 'n ander man se vrou."

"Wel," gesê: "sy het vir my gesê dit was . . . wel, het Abraham nie vir my vertel dis sy suster nie? Ek het nie geweet dis 'n ander man se vrou nie."

Gesê: "Dis waarom (Ek ken die opregtheid van jou hart.) Ek jou gekeer het om teen my te sondig."

75 Nou, 'n regverdige man, wat niks gedoen het nie, maar hy was nie die saad van Abraham nie, hy het geen belofte gehad nie, hy het nie. Goeie man, Godvresende man, wat daar op sy bed gelê het, en God het geweier om sy gebed te antwoord.

76 En daar, Abraham (God het vir hom gesê om nie Palestina te verlaat nie; hy het, in elk geval.), afvallig; enige man, wat doen wat God vir hom sê om nie te doen nie, is 'n afvallige. Nie net dit nie, maar, hy het daarbuite gesit, en lieg. En enige man, wat so met sy vrou sal maak, haar oorgee aan 'n ander man, om te neem, om sy eie nek te red . . . Uh-huh. Gelieg, afvallig, en God het gesê: "Ek sal nie na jou gebed luister nie, maar daardie is My profeet, Ek sal na hom luister; laat hy vir jou bid. As jy dit nie doen nie, gaan alles sterf." Hoekom? God het Sy belofte onvoorwaardelik aan Abraham gemaak.

77 Gee jou nou nie toestemming om te sondig nie, onthou dit, maar wat ek probeer doen, is om die vrees uit julle uit te slaan. Julle is altyd bang vir iets. Moenie bang wees nie. God het belowe, God moet dit doen, as jy dit glo, as jy die saad van Abraham is. Iemand het vir my gesê, soos my Baptiste vriende altyd gesê het: "Watter verskil maak dit?" (Die een wat afgegaan het op ewige sekuriteit.) Hulle het gesê: "Wel—wel, maak geen verskil vir my nie, ek's gered, Glorie aan God, ek kan doen wat ek wil." Dit wys net dat jy nie gered is nie. Dis reg. Dis reg. As jy gered is, wil jy nie daardie dinge doen nie. Dis reg.

78 Daardie dinge, soos dans, en kaartpartytjies, en speel, en jou hare afsny, en jou lippe verf, en jou gesig grimeer, en al daardie goed, is die eienskappe van ongeloof. Dit maak vir Pinkster seer, maar dis wat goed is vir jou, broer. Dis reg. Kon nie die ou, reguit, smal, nou weg bewandel nie. Net soos 'n vark wat teruggaan na sy rolplek, en 'n hond na sy braaksel; dis waarnatoe die Pinkster kerk teruggegaan het. Dis reg. Hoor nie baie amens nie, maar ek

sê vir jou, broer, dis die eerlike waarheid. Jy beter weer teruggaan na die pad, weer jou eerste werke oordoen. Amen.

79 Wat die probleem daarmee is, die duiwel het hierbo geland, in Hollywood, en het deur televisie gekom, ons vroue kaal uitgetrek, en alles gedoen wat daar, goddeloos, was om te doen. En mense noem dit: "In die haak." Broer, as jy wedergebore is, sal die Gees van God getuig dat daardie dinge verkeerd is. Julle weet dis waar. En hier kom julle laat reën, verspreide reën of wat dit ook al was, en noem "bevryding van vroue," en alles soos daardie. Dis 'n skande, dis die werke van die duiwel. Julle gaan nie lief wees vir my, na vanaand nie, maar broer, wanneer ek jou by die oordeelsbank ontmoet, gaan ek skoon wees van die ding, dis een ding, wat seker is. Ek gaan vir julle die waarheid daaroor vertel. Amen. Die woord *amen* beteken "laat dit so wees."

80 En ek kan Abiméleg, toe, sien uitgaan, 'n goeie man, na Abraham toe, vir hom 'n paar offerandes neem. En Abraham het gebid, en God het die skoot van alles wat Abiméleg gehad het, oopgemaak. God het hom geseën.

81 Nou, na die verbond. Ek neem te lank, ek's seker. Maar, net 'n oomblik, na die verbond. God het gesê. . . Abraham het gesê: "Here. . . " Nou, luister baie goed, vir julle ongelowiges. "Here, hoe sal ek weet?" Ek gaan terug na die verbond toe, nou. "Hoe sal ek weet dat U hierdie vir my sal doen?"

82 God het vir Abraham vertel, gesê: "Kom hiernatoe, en bring vir My 'n—'n bokooi en 'n—'n vers, van drie jaar oud, en 'n paar tortelduiwe, en kom hiernatoe, en Ek sal jou wys, en vir jou die verbond gee, vir jou wys wat Ek vir jou gaan doen." So, Hy vat vir Abraham buitentoe, en Hy het die—die diere geneem, en hulle middeldeur gedeel, en hulle uitgelê, en toe het Hy die tortelduiwe geneem en hulle, heel ingegooi. Wens ons het 'n bietjie meer tyd gehad om daardie op te tel.

83 Kyk. Hoekom het Hy die tor-. . . alles behalwe die tortelduiwe verdeel? Waarom het Hy alles behalwe die duiwe, en die jong duiwe, verdeel? Enigeen weet, enigiemand weet, wat die Bybel ken, dat die duif 'n offerande vir siekte was. God het Sy verbond verdeel, of, Sy—Sy wet van genade en dit middeldeur gedeel. Het Hy dit gedoen? Wet was eenmaal; genade is nou. Jy is toe deur die wet gered; jy word nou deur genade gered. So, God het die vers en die—die skaap verdeel, ensovoorts, Hy het dit oopgekloof. Maar die tortelduiwe, en die jong duiwe, het Hy heel ingegooi, om dit te wys: nog nooit het God se verbond verander, vir genesing nie. Hy was 'n Geneser van die Ou Testament; Hy's 'n Geneser van die Nuwe Testament. Alles dieselfde, Hy het hulle nie verdeel nie, hulle is onafskeidbaar. "Ek's die Here wat jou genees." Let op, ons 'n bietjie meer tyd gehad het, om daarop te bly, kan miskien, wanneer ek terugkom.

84 Let hierdie op, toe het Hy vir Abraham gesê, Hy het gesê . . . Nou, Hy het 'n diepe slaap op Abraham laat val. Met ander woorde: "Abraham, jy het niks hiermee te doen nie. Ek gaan dit doen." So, Abraham het aan die slaap geraak, buite die prentjie. En toe, terwyl Abraham geslaap het, het hy gekyk, en daar het 'n rokende oond voor hom gekom. Elke sondaar, gaan, en behoort, hel toe te gaan. En toe, eerste ding, was 'n vreeslike duisternis, die dood; toe, 'n rokende oond, die hel; maar verby dit, het 'n klein, wit Liggie gegaan. Ek wil hê julle moet oplet. God het vir Abraham Golgota gewys, wat Hy sou bevestig, hierdie verbond tussen Abraham en Abraham se saad, vir ewig. O, hierdie einste aand, is dit net so goed, nou, as wat dit, toe was.

85 En hierdie klein, wit Liggie, wat God was, het voor Abraham uitgegaan, deur die dood, deur die hel, en het opgekom tussen hierdie offerandes, het reg tussen elke verdeelde plek deurgegaan. God het vir Abraham Golgota gewys. Abraham . . . Hy het nie gesê: "As jy *dit* sal doen, of as jy *dat* sal doen," nie. Hy het vir hom gewys wat Hy vir hom en sy saad na hom sou doen. En ons is Abraham se saad. Die tortelduiwe het daar gelê vir die genesing, verlossing.

86 Nou, in die Ou Testament . . . Eers, mense sluit verbonde. So, die verbond, in Japan, die manier wat hulle 'n verbond sluit: hulle sluit 'n verbond met mekaar, dan kry hulle 'n bietjie sout, en sprinkel dit op een, die ander een gooi dit terug op die ander een, dis 'n verbond.

Ons, in Amerika, wanneer ons 'n verbond sluit, steek ons ons hand uit en skud mekaar se hand, sê: "Skud daarop." Dis 'n verbond.

87 Maar in die Testament tye, in Abraham se tyd, die manier wat mense 'n verbond gesluit het, hy het 'n dier doodgemaak, en dit middeldeur gedeel, en die verbond geneem, en nader gestap, en die verbond uitgeskryf, wat dit was, dit dan in twee geskeur, een, vat een stuk, en een, die ander. Wanneer hulle bymekaar gekom het, moes daardie stukke inpas, net soos daardie. En hulle het 'n eed gesweer: dat as hulle daardie verbond sou verbreek, mag hulle liggaam wees soos die dooie liggaam van hierdie dier, wat onder hulle gelê het.

88 Wat 'n pragtige prentjie van God wat Sy verbond met die kerk sluit. Toe Jesus Christus Golgota toe gegaan het (Wat God, Immanuel was), het God Hom uitmekaar uit geskeur op Golgota, die verbond in twee geskeur, die liggaam opgeneem na Sy regterhand, en die Heilige Gees teruggestuur na die Kerk. En dieselfde Gees (wat op Jesus Christus was), is vandag in die kerk, en dieselfde Heilige Gees wat destyds daar was, moet dieselfde Heilige Gees wees wanneer ons bymekaar kom, wat Jesus Christus dieselfde maak gister, vandag, en tot in ewigheid.

En vandag, het ons dieselfde doop as wat hulle op Pinkster gehad het, toe ons deel van die verbond teruggegooi was. Glo julle dit?

89 Ons praat in tale, soos hulle het; ons profeteer, soos hulle het; ons skree, soos hulle het; ons prys God, soos hulle het; ons het tekens en wonders en wonderwerke, net soos hulle gehad het: God se onvoorwaardelike verbond met die Pinksterkerk. Amen. Daar het julle dit. Waarvoor is julle dan bang? Elke Goddelike belofte in die Boek behoort aan jou, en jy is 'n erfgenaam daarvan. Amen. Daar het julle dit. Sien, die verbond was in twee geskeur; God het Christus in twee geskeur. Glo julle dit?

90 Hy het Sy Liggaam opgeneem, en Hom aan Sy regterkant gesit, en die Gees teruggestuur om die Kerk te lei in die opstandingskrag. En soos Jesus gesê het: "Dieselfde dinge wat Ek doen, sal julle ook," want dieselfde Gees, wat in Hom was, was op die Kerk. En daardie Kerk het afgekom deur die eeu, en hier is dit, vanaand. Jesus is bespot, gekritiseer; Hy het 'n visioen gesien, het vir die mense die verborgenhede van hulle harte vertel, gekritiseer. Daardie selfde Gees is op Sy Kerk, vanaand. Dit was op Petrus, op Paulus, op al die Pinksterbroers, hulle het tekens en wonders gedoen. Jesus Christus het in tale gepraat, die Kerk het in tale gepraat; Jesus Christus het 'n visioen gesien, die Kerk het 'n visioen gesien. En vanaand, word hulle gekritiseer en bespot. Maar wat is dit? Dis Abraham se saad; God se onvoorwaardelike verbond, vir die mense gegee. Halleluja.

91 Ek is so bly dat ek kan sê: "Ek's een van hulle." Amen. Deur God se genade, is ek een van hulle. Ek's so bly dat Hy my hierdie dinge laat sien het, my broers, dat ek sien, dat God. . . Nou die enigste ding wat dit is, dat Abraham se saad, hier, nie as gevolg van jou keuse nie, maar as gevolg van God se uitverkiesing: God het jou gekies voor die grondlegging van die wêreld, en het geweet dat hierdie diens net hier sou wees, vanaand. Voor daar ooit 'n ster in die hemel was, het God geweet hierdie diens sou hier wees, vanaand. Dis presies reg.

92 Dis my Vader, ek's Sy seun, julle is Sy seuns en dogters, dis ons Vader. Die duiwel het hierdie beproewinge op jou geplaas. Ontken dit. Hy het geen wettige regte om dit te doen nie; hy doen dit net omdat ons ongeloof hom toelaat om dit te doen. Ons het alle dinge in Christus Jesus en nou besit ons dit: Net *nou*, is ons seuns en dogters van God, en die sade van Abraham, met 'n onvoorwaardelike verbond, met die krag van die Heilige Gees, met die opstanding van Christus, met tekens en wonders en wonderwerke in die Kerk. Halleluja! Broer, ek sê jou, hy's 'n leuenaar, en hy's bang vir die Woord van God, en hy's bang vir die krag van God. Amen. Ek het altyd *Die Outydse Godsdiens* gesing, ek sou sê:

Dis die outydse Heil'ge Gees,

Dit maak die duiwel net bevrees,

Dis hoekom die mense Dit vrees;

Maar Dis goed genoeg vir my.

93 Amen. Dis reg. Mense sê: "Die mense is mal." Waarom hulle is, is omdat hulle nie meer die gesindheid van die wêreld het nie, hulle het die gesindheid van Christus. "Christus in julle, die hoop van die heerlikheid," julle is veilig, geanker. "Hy wat My Woorde hoor, in Hom glo wat My gestuur het, het Ewige Lewe." Wanneer? Net nou. "En sal nie in die oordeel kom nie; maar het oorgegaan uit die dood na die Lewe." Glo hierdie? Glo julle met julle hele hart? Sal ons bid.

94 Vader, ure gaan verby. Ek vra U om genadig te wees, nou, aan hierdie gehoor. Seën hulle vir wie gebid gaan word. Met al die eenvoud van hart, vra ek U, Here, om die siekes te genees, vanaand. Vergewe ons ons sondes. En neem al hierdie vrees weg wat die duiwel op die mense plaas, om te probeer om hulle te laat dink: "dis 'n ander eeu, of 'n ander tyd, of—of môre, of—of so-. . . " Dis nou, Here, nou het U hierdie vir U mense gedoen. En mag die kreupeles loop, mag die blindes sien, mag die dowes hoor, mag duiwels uitgedryf word. Mag die Kerk 'n skynende vuurbal van die Heilige Gees word, daardie Verbondskerk, met God. Die Heilige Gees wat in Jesus Christus was, op Sy Kerk, wat tekens en wonders doen, dieselfde ding wat Hy gedoen het, gesê het, ons ook sou doen; en ons sien dit, vanaand. En ek bid dat U U seëninge sal stuur, nou, en ons genees. In Jesus' Naam, bid ons. Amen.

95 As jy sal, na die klavier toe. En waar is Billy? Watter—watter kaartjie? F? Hoeveel vir vanaand? Goed. Ons gaan nou vir die siekes bid. En dis 'n. . . Ek's 'n bietjie laat, maar ek—ek wil hê julle moet dit nou in julle gedagtes hou. Wat is julle? Saad van Abraham. Is dit reg? Die geloof dat Abraham se saad is in sy. . . Abraham *gehad* het, is in sy kinders, sy saad. Is dit reg? Hoe is julle Abraham se saad? Deur dood te wees in Christus, word julle Abraham se saad, en is erfgename volgens die belofte. Hoeveel is dood in Christus, vanaand, laat ons jou hand sien? Dood in Christus? Julle is Abraham se saad, dan. Nou, as julle Abraham se geloof het. . . as julle nie het nie, dan is julle nie Abraham se saad nie. Abraham se saad bring Abraham se geloof voort. En Abraham, maak nie saak wat die toestande was nie, Abraham was sterk in God, en het Hom geloof. Hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie. Ons doen dit nie, vanaand nie, doen ons? Want ons geregtigheid het gekom deur Jesus Christus.

96 As Hy vanaand kom, Christenvriend, aan julle nuwe mense, ek's nie 'n Goddelike geneser nie, ek's julle broer. Daar is geen Goddelike genesers nie, God is die Geneesheer. Jesus Christus het nooit eers belowe om die Geneesheer te wees nie. Hy het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie, dis My Vader wat in My woon, Hy doen die werke." Is dit reg? Nou, Hy maak nie

aanspraak om die Geneesheer te wees nie. Hy het gesê Sy Vader was die Geneesheer.

97 Nou, en Hy het gesê, toe Hy na die mense toe gegaan het, het Hy geweet wat in hulle harte was, Hy het hulle uit die gehoor uitgeroep, gesê wat verkeerd was met hulle: "Jou geloof het jou gered van die bloedvloeiing." En: "Jou geloof het jou gered van die blinde oë." En Hy het geweet, het hulle gedagtes onderskei. Gepraat met 'n vrou by die put, Hy het gesê, 'n klein tydjie totdat Hy haar gees gekontak het, gesê: "Gaan haal jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

Gesê: "Jy het vyf."

Sy het gesê: "Ek sien dat U 'n—'n profeet is. Ons weet dat Messias kom: ons alle dinge sal vertel."

Toe Filippus bekeer is, vir Natanael gaan kry het; en Natanael het gesê: "Kan enigiets goeds uit Nasaret kom?"

En Filippus het hom onder 'n boom gekry besig om te bid, so hy het gesê: "Kom kyk."

98 So, hy het om die heuwel gekom en af deur die stad en op teen die ander heuwel, daar was Jesus. Jesus, miskien, gestaan, gebid vir die siekes, wat Sy gewoonte was. Toe Filippus nader geloop het, en Natanael, het Jesus soontoe gekyk, vir Natanael gesien, en gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!" Met ander woorde: "'n gelowige, 'n regverdige man." En dit het verstom . . .

Hy het gesê: "Wel, hoe het U my geken, Rabbi?"

Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

Hy het gesê: "U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

99 Maar die Fariseërs, die godsdienstige mense van daardie dag, het gesê: "Hy's Beëlsebub, die hoof van die fortuinvertellers." Wel, hulle dink steeds dieselfde ding, maar Hy's steeds die Seun van God.

Jesus het gesê: "Hierdie dinge wat Ek doen, sal julle ook; selfs meer as hierdie; want Ek gaan na My Vader."

Glo julle, vanaand, dat dit die waarheid is? Mag die Here julle seën.

100 Was dit G of F? F. Kom ons vat vir een tot vyf-en-twintig, dan, of vyftig, of ek gee nie om hoeveel staan nie. Wie het F, gebedskaartjie F-een, waar's? Steek op jou hand. Gebedskaartjie F-een? Het jy gesê F? Ja? Goed. Daardie een? Goed. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, vyftien, twintig, vyf-en-twintig. Dit maak geen verskil hoeveel van daardie ka- . . . in staan nie. Die res van julle met nommers nou, as julle is . . . julle geroep word, miskien, 'n bietjie later, miskien môre. Almal sal

voor gebid word. F-een tot F-vyf-en-twintig, as julle sal. Goed. Nou, ons sal hulle eers laat staan. Ons kry soveel in die ry dat ons—ons nie vir hulle almal kan bid nie. En . . .

101 Net 'n oomblik. Dis jou vader, jong man. Glo jy dat ek God se dienskneg is? Daar's 'n Lig wat daar hang, nou. Ek sien 'n water, wat vlieg. Daardie man is 'n—'n sendeling wat teruggekeer het. Hy was in 'n . . . dis Griekeland, hy het teruggekom van Griekeland af. Hy het lipoma van die oë gehad. Het hy nie? Lê jou hand oorkant op hom, en laat ons bid. Here God, Skepper van hemel en aarde, maak die oë van daardie blinde man oop. Mag hy hier uitgaan, vanaand, met sig. Deur Jesus Christus' Naam, vra ek dit. Amen.

102 God seën jou, Pa. Draai om en sit jou arms om jou seun daar. God seën jou. Nou, moenie vrees nie, jou sig kom na jou toe. Jy kan selfs nou sien. Ek sien in die visioen, jy kan die ligte sien. Steek jou hande op na die lig. Steek jou hande op en wys daar na boontoe. Wys—wys ons hier waar die ligte is. As jy die ligte kan sien, waai jou hande soos daardie, heen-en-weer, waai jou hande om . . . kyk op na die lig. God het vir jou jou sig gegee. Kan jy nou rondkyk? Sê: "Prys die Here." Loop hiernatoe, dis alles reg. Gaan net voort, loop rond in die plek, God is met jou. Daar het jy dit. Daar is hy. Kom ons sê: "Prys God, Wie die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus." Die Heilige Gees van God is hier om sig vir die blindes te gee. Jou sig sal regkom, my broer, moet jy nie vrees of bekommerd wees nie. Kom ons buig ons hoofde.

103 Hemelse Vader, ons dank U vir U liefdevolle genade en goedheid en barmhartigheid. Stuur U sorg op hierdie man wat deur die duisternis gesteier het, en nou, deur die genade van God, rondloop in die gebou. Ons dank U, Vader, vir al hierdie goeie dinge wat U gedoen het. En, mag U Gees nou altyd bly, en hulle seën en hulle bewaar. En mag elkeen hierbinne sien, en ag slaan, en met hulle hele hart glo, in Jesus' Naam. Amen.

104 Kom ons sing: "Prys die Here." Almal. Goed. God seën jou, Pa. Jou oë sal regkom, moenie bekommerd wees nie. Dit neem net daardie siekte wat uitgebreek het; die duiwel het hom verlaat. Hy kan jou nou sien, broer. Sien? Hy's reg. God seën jou. Daar is dit. Jesus Christus dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Daar gaan hy terug na sy sitplek toe. Kom ons prys die Here, almal, gee net lof en eer.

105 Nou, julle sê: "Broer Branham, het jy dit gedoen?" Nee, meneer, ek het niks daarmee te doen gehad nie. Jesus Christus het gewys wat Hy was. Goed. Kom ons sit, almal, en bring julle pasiënte, as julle sal. Hê geloof in God, nou, moenie twyfel nie, glo met jou hele hart.

Is dit nie vreemd nie? Die Heilige Gees het hier gekom vo- . . . selfs nog voor ons begin het in die gebedsry.

106 Het artritis, het jy nie, dame? Artritis van die ruggraat. Jy is 'n Katoliek van geloof. Maar Jesus Christus maak jou gesond, as jy Hom net sal glo, geloof sal hê in Hom. Glo, en jy sal ontvang waarvoor jy gevra het.

107 Waarvoor bid jy daar, dame? Jy het 'n ongeredde man wat daar sit, het jy nie? Jy wil hê God moet . . . Dis reg. God seën jou. Uh-hum. Jy sal jou versoek kry, suster. Uh-hum. Jy sal nou nie meer Katoliek hoef te wees nie, gaan bely jy, en prys God, en gee Hom al die lof en eer, en kry die doop van die Heilige Gees. Amen. Uh-hum.

108 Aangename kennis? Nou, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, neem ek elke gees in hierdie gebou, en elke persoon, onder my beheer tot Sy eer. Wees eerbiedig, moenie beweeg nie, sit stil. Ek veronderstel ons is vreemdelinge vir mekaar, dame. Ek ken jou nie, ken ek? Maar God ken ons albei, ken Hy nie? Glo jy dat die Here Jesus Christus aan my kan openbaar waarvoor jy hier is? En as Hy sal, sal jy glo dat ek die waarheid vertel het? Dat Hy opgestaan het uit die dood. En ons staan, en praat, net soos Jesus en die vrou by die put. En Hy het 'n tydjie met haar gepraat; ek glo dit was om haar gees te kontak. En toe het Hy vir haar gesê wat haar probleem was. As God (in die wete dat ons nie mekaar ken nie), en as God vir my sal vertel wat jou probleem is, sal jy glo vir (of waarvoor jy ook al hier is, weet ek nie, God weet), maar jy sal vir Jesus aanvaar, sal jy nie? Ja.

109 Jy is 'n Christen, want jou gees voel welkom. En jy is bewus dat iets aangaan. Dis die Engel van die Here wat naby jou staan. Ek sien iets gebeur, dis 'n ongeluk, en die persoon het weggery van jou af. Dit was 'n outomobiel: jou getref, jou pols seergemaak, en jou rug verdraai. Dis reg. Teruggestoot en jou getref, en weggery van jou af. Gaan huis toe. Jy gaan gesond word, in die Naam van die Here Jesus Christus. Gaan, gelowig nou, en word ge- . . . Hê geloof in God. Moenie twyfel nie.

110 Jy's bewus, jong man, dat iets aangaan. Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek, want jy's Meksikaans of Spaans, maar Jesus Christus ken ons albei. Wat as Hy net hier gestaan het vanaand met die klere aan wat Hy vir my gegee het? Sy . . . As jy siek is, kan Hy jou nie genees nie, want Hy het dit alreeds gedoen. Maar Hy mag iets doen wat sal veroorsaak dat jy meer geloof in Hom sal hê . . . Ek sê nou, dat jy nie van hierdie streek is nie, jy kom van elders af. Jy ly aan iets in jou sy, dis 'n borsvliesontsteking, en jy het ook TB. En jy het pas van 'n kliniek af gekom. En jy is van 'n plek waar dit 'n yslike, groot hotel het wat gesê het "Westward Ho," Adamsstraat en . . . O, dis van Phoenix, Arizona af. En jy's 'n prediker van die Evangelie. Jy is hier om genees te word; jy gaan huis toe om gesond te wees, jou geloof het jou genees. In die Naam van Jesus Christus, mag my broer glo. God seën jou, broer. Gaan nou, moenie vrees nie, hê geloof. Uh-hum. Hê geloof in God. Glo.

111 Nou, ons Here Jesus Christus het opgestaan uit die dood. Glo julle dit? En Hy het gesê: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook." En Hy's hier om dit vanaand te doen, en doen dit. Julle kan dit noem wat julle wil, dit hang van julle en God af. Sien. Maar ek weet Wie ek geglo het, en is oortuig dat Hy in staat is om die pand te bewaar wat aan Hom toevertrou is tot dié dag.

112 Aangename kennis, meneer? Ek veronderstel ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek sien jy is 'n plekaanwyser aan jou naamplaatjie, jy's 'n plekaanwyser in hierdie diens. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Wat dink jy van hierdie dinge wat aangegaan het? Glo jy dat hulle van God af kom, met jou hele hart? Jy's—jy's van 'n plek genaamd Compton, of so-iets af. En jy het 'n groeisel in jou linkersy; jy's senuweeagtig. Jy's die seun van 'n prediker. Jy het 'n vrou wat 'n slegte oor het. Jy gaan gesond word. Kom hier. Almagtige God, ons gee U eer en seën hierdie man in die Naam van U Seun, Jesus Christus, vir sy genesing. Amen. Meneer, daardie goed is reg. En as Almagtige God . . . Ek we- . . . besef hoe jy voel, maar die God van die Hemel, Wat weet wat in jou lewe was, sal weet wat sal wees. Is dit reg? Gaan jy, in blydskap. Alles sal reg wees vir jou, alles.

Moet asseblief nie rondbeweeg nie. Besef julle, bose geeste beweeg in die gebou wanneer hulle uit hierdie mense uitgaan? En hulle gaan van een na die ander.

113 Aangename kennis, dame? Kom net 'n bietjie nader, as jy sal. Is ons vreemdelinge vir mekaar? Ek ken jou nie, of hoe? Het jou nog nooit in my lewe gesien nie, weet niks van jou af nie. Ons is net vreemdelinge wat hier ontmoet het. Maar Almagtige God ken ons albei, ken Hy nie? Nou, aan die gehoor, hier's 'n vrou, volkome vreemdeling, het haar nog nooit in my lewe gesien nie, weet niks van haar af nie. Sy . . . Maar die vrou is, net nou, bewus dat iets plaasgevind het. Is dit nie reg nie, dame? Nou, as die Heilige Gees . . . As Jesus Christus hier gestaan het, met haar gepraat het, sou Hy 'n oomblik met haar gepraat het, en wat die Vader Hom gewys het, sou Hy vir haar vertel het. Is dit reg?

114 Dame, glo jy dat God jou dan genees van daardie rumatiek? Wat net daar sit, op die punt van die ry. Ja. Glo jy dit? Iets . . . Dit het jou verlaat. God seën jou. Uh-hum. Huh. Uh-hum.

115 Daar's 'n bose gees, swart vlerke wat rondflits, hy weet sy tyd . . . dis epilepsie. Dis daardie dame wat net daar sit. Dit hang reg bokant jou. Ja, dame, staan op jou voete.

Satan, in die Naam van Jesus Christus, jy's ontbloot. Kom uit die vrou uit, in die Naam van die Here Jesus.

God seën jou.

116 Glo jy? Jou probleem is in jou keel. Jy het iets soos 'n—'n brongiale probleem, dis net die . . . Ek sien jy bring op ie- . . . dis bloed, jy bring bloed op. Jy was by 'n dokter. Hy wou op jou opereer, maar hy weet nie wat dit is nie. Dit sou beter vir my

wees om jou nie te vertel nie. Maar as jy Jesus Christus sal glo, sal jy nie eers die operasie nodig hê nie. Glo jy dit? Kom hier.

117 Dierbare Hemelse Vader, vir hierdie vrou, wat enige oomblik kan doodbloei, bid ek dat U haar genadig sal wees. En ek bestraf hierdie duiwel wat hierdie kwaad aan haar gedoen het. En U het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." En terwyl die salwing van die Heilige Gees op U dienskneg is, lê ek my onverdienstelike hande op haar in die Naam van Jesus Christus, en bestraf hierdie siekte. Kom uit haar uit, deur Jesus Christus, die Seun van God. Amen.

Gaan voort, nou, blymoedig, gelukkig, en wees gesond.

118 Glo jy, dame? Dis in jou rug, 'n nierprobleem. Jy het iemand anders waaraan jy dink, dis 'n kind, jou ou kleinkindjie. En dit het 'n spraakgebrek, iets verkeerd met sy spraak. Jy's nie van hier nie, New Mexiko, waar jy vandaan kom. Wil jy gesond teruggaan? Glo dat die Here Jesus Christus hier staan, om jou gesond te maak. Glo jy dit? Hemelse Vader, ek lê hande op die vrou in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, en bestraf hierdie siekte. Mag sy gaan en gesond gemaak word. Amen. God seën jou. Ja, gaan blymoedig. Sekerlik. Amen.

119 Glo jy met jou hele hart? Wat dink jy is daardie nou? Jy is bewus dat dit daar is. Glo jy dit is die Here Jesus Christus, nie jou broer nie? Dan, kan jy gehelp word. Ek ken jou nie, dame, jy weet dit; ek's 'n totale vreemdeling vir jou en jy is vir my. Maar Jesus Christus het ons albei geken deur ons . . . solank as wat ons gelewe het, het Hy ons geken. Is dit nie so nie? Jy ly aan 'n maagprobleem, en dis 'n maagseer in jou maag. Daar staan 'n tafel voor ons en jy beweeg terug. Sekere goed wat jy nie kan eet nie as gevolg van die maagseer. Jy het 'n seun, hy het dieselfde ding. Jy het 'n suster wat 'n beroerte gehad het. En jou seun en jou suster is in Wes Virginië. Dis reg. Glo jy dat God hulle nou gaan gesond maak, en vir jou genees, en jou gesond maak? Buig jou hoof. Hemelse Vader, ek bid dat in Jesus Christus' Naam, die Seun van God, die duiwel mag weggaan, en mag sy gelukkig hier uitgaan, blymoedig, en gesond gemaak word. Amen. Gaan, blymoedig nou, sê: "Dankie, Here Jesus," en word gesond.

120 Dame, wat daar sit met die wit hoed op, na my kyk, jy het 'n lewerprobleem, het jy nie? Ja, mevrou. Hy het toe jou gebed verhoor. Jy gaan huis toe om gesond te wees, dit het jou verlaat. Dit het begin sklerose van die lewer, maar jy's nou genees. Jou geloof het jou gesond gemaak. God seën jou.

121 Terwyl jy sit, moeder, wat pas genees is, die dame wat langs jou sit, daar, ly aan 'n senuweeprobleem: sy wil ook genees word. Lê jou hande oorkant op haar. Vader, in Jesus' Naam, bid ek dat U haar sal genees en haar gesond sal maak, tot U eer. Amen. God seën jou, suster. Satan het op jou gewerk, jou senuweeagtig gemaak, vir jou gesê jy het die skeidslyn oorgesteek, en alles soos

daardie. Hy het gelieg. Jy gaan huis toe om gesond te wees, die duisternis het jou nou heeltemal verlaat; jy kan huis toe gaan, en gesond gemaak word. God seën jou.

122 Reg buite, oorkant, hierdeur, is daar 'n vrou en 'n man wat daar sit, hulle is man en vrou. En een van hulle het oogprobleme, en die ander een het artritis. Jesus Christus genees julle albei. Staan op julle voete. God het julle gesond gemaak, julle geloof het julle gered. Amen. Hê net geloof, en glo. Die Here Jesus Christus genees allerhande siektes, allerhande kwale.

123 Dametjie, daar, met jou sakdoek in jou gesig, wat daar sit, en bid; jy het rugprobleme, het jy nie? Wat reg hierbuite op die punt sit, dis reg, jy, met jou sakdoek: Hy het jou toe genees, jy kan nou huis toe gaan, en gesond gemaak word. Uh-hum, uh-hum. God seën jou.

124 'n Dametjie, wat langs jou sit, het 'n asmatoestand waaroor sy ook wil kom. Is dit nie reg nie, dame? As jy dit sal glo met jou hele hart, kan jy gesond gemaak word. God seën jou. Ja, gaan maar. God seën jou.

125 Daar, wat daar reg agter sit, is 'n ma en haar seun. Dit is reg. Hulle bid, ook, tot God. God hoor julle gebed: galblaasprobleme; en asmaties, vir die kind. Staan op julle voete, aanvaar julle genesing, Jesus Christus maak julle albei gesond. Julle kan huis toe gaan, God wees met julle, en help julle. Hê geloof in God.

126 Is jy die pasiënt, dame? Glo jy met jou hele hart? Glo jy Hy sal jou gesond maak as ek Hom sou vra? Jy het 'n probleem gehad, het jy nie? 'n Ongeluk, uh-huh, outomobiel ongeluk: dit het 'n sak water veroorsaak, dis op die knie, is dit nie? Uh-huh, uh-huh. Jou man het iets verkeerd met sy bloed. Hy's bloedarmoedig, is hy nie? Uh-huh. Nou, glo jy jy staan in Sy Teenwoordigheid? Gaan en word gesond gemaak, deur Jesus Christus' Naam, bid ek. Amen. God seën jou.

Glo jy? Glo jy dat Jesus van Nasaret jou genees, terwyl jy daar sit? Hy het dit gedoen. Amen. Nou, gaan blymoedig, word gelukkig gemaak.

127 ['n Broer vra vir Broer Branham om oor 'n sakdoek te bid vir 'n persoon wat sterwend is—Red.] Uh-hum. Here, in Jesus' Naam, bid ek dat U hierdie persoon sal genees wat hierdie sakdoek verteenwoordig. Stuur dit, in Jesus' Naam, vir die doel. Amen.

128 Glo jy dat ons Hemelse Vader jou kan genees van hartprobleme, en jou gesond maak, en jou 'n nuwe mens maak? Staan net 'n bietjie hier, meneer. Hoeveel het hartprobleme in die gebou? Staan nou dadelik op julle voete. Jy het dieselfde gehad, so staan net hier, net 'n oomblik.

129 Kom dame. Glo jy? Diabetes is 'n slegte ding, maar ons Here Jesus Christus kan dit genees, glo jy dit? Met jou hele hart? Staan net hier net 'n oomblik. Almal met diabetes staan op.

130 Bring die man. Glo jy? Jy sal nooit blind word as jy glo nie. Elke persoon wat gepla word deur julle oë, staan op, en staan net hier, net 'n oomblik. Ek sal julle die Glorie van God wys. Staan net hier by hulle net 'n oomblik, moeder.

131 Kom dame. Glo jy, mevrou? Jy glo? Glo jy God, dat Hy vir my kan laat weet wat verkeerd is met jou? Aanvaar jy jou genesing? Jy is Spaans. Aanvaar jy jou genesing as ek jou vertel? Jy het maagprobleme. Nou staan net 'n oomblik net hier. Almal met maagprobleme staan net 'n oomblik op.

132 Artritis en dinge is niks vir God om te genees nie. Hy kan hulle gesond maak. Glo julle dit? Staan net 'n oomblik net hier. Nou, artritis-gevalle, bly net 'n oomblik stil.

Dame, daardie draagbaar, jy weet jy moet glo, of sterf. Kanker, dit vreet jou op, maar Jesus Christus kan jou genees. Glo jy dit?

133 Jy, meneer, wat daar lê, jy het, ook, kwaadaardige groeisel in die been; maar jy glo, en God sal jou gesond maak, jy sal nie op daardie draagbaar hoef te gaan vanaand nie, jy kan gesond huis toe gaan. Glo jy dit?

134 Almagtige God, vir hierdie mense wat hier staan, nou: duiwels is ontbloot, hierdie gehoor staan in verstomming, U is nou gereed om te genees. Ek bid dat elke duiwel hierbinne onderwerp sal word aan U krag, en ek werp elkeen van hulle uit, in die Naam van Jesus Christus. Skenk dit, Vader. Mag hierdie mense weet dat U hier is om te genees.

Nou, dame, jy op die bed, kom op jou voete; Jesus Christus maak jou gesond.

135 Doen jy dieselfde ding, jong man, kom van daardie draagbaar af, in die Naam van Jesus Christus. Elkeen van julle steek julle hande op en prys God. Halleluja! Here Jesus, die Seun van God, dryf elke bose mag uit; en mag Jesus Christus oppermagtig regeer, hierbinne, deur Jesus Christus.

Die Onvoorwaardelike Verbond Wat God Met Die Mense Gemaak Het AFR54-0814

(The Unconditional Covenant That God Made With The People)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 14 Augustus 1954, by die Shriner Ouditorium in Los Angeles, Kalifornië, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org